OLD MUTUAL SUPERFUND

TWO-POT RETIREMENT SYSTEM

# MY **AFTREEKOMPONENT** EN **WAAROM DIT SO BELANGRIK IS**

Die hoofdoel van 'n aftreefonds is om 'n veilige bron van inkomste te bied wanneer u afgetree het. Tog onttrek duisende mense hul spaargeld vroeg en stel daardeur hul finansiële toekoms in gevaar. Om die waarheid te sê, 'n yslike **R78 miljard** word na raming elke jaar uit die aftreestelsel onttrek.

**Dit is wat op die lange duur gebeur:**
**Slegs omtrent 10% van fondslede kan bekostig om ná aftrede hul huidige lewenstandaard te handhaaf.** Dit is omdat mense dikwels – elke keer wanneer hulle van werkplek verander – hul aftreespaargeld onttrek. Jissie, 10% is 'n baie lae persentasie!

Die tweepotstelsel vir aftrede gaan dit egter verander. **Vanaf 1 September 2024, die voorgestelde datum** vir die inwerkingstelling van hierdie nuwe stelsel, gaan u toekomstige bydraes tot u aftreefonds in die volgende komponente verdeel word:

- 'n Spaarkomponent
- 'n Aftreekomponent en
- 'n Gevestigde komponent (u bestaande aftreespaargeld)

Klik hier vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die drie komponente.

## Kom ons kyk na twee voorbeelde hier onder

### Lunga

Lunga is 30 jaar oud en het R50 000 se aftreespaargeld. Op 31 Augustus 2024 sal 10% van sy aftreespaargeld (R5 000) na sy spaarkomponent oorgedra word as 'n openingsaldo. Dit beteken R45 000 sal in sy gevestigde komponent oorbly.



**Wanneer die tweepotstelsel in werking gestel word, kan Lunga die volgende met die R5 000 in sy spaarkomponent doen:**

a. Dit onttrek (onderhewig aan belasting). Hy sal ook 'n transaksiefooi vir die onttrekking moet betaal om administrasiekostes te dek.
b. Dit toelaat om te groei. Hy kan een keer per belastingjaar toegang daartoe kry vir toekomstige noodgevalle.
c. Vermy om dit te onttrek tot by aftrede. Met aftrede kan hy besluit of hy dit as 'n enkelbedrag (onderhewig aan belasting) wil ontvang, en of hy dit by sy aftreekomponent wil voeg om 'n pensioen te koop.

**Wanneer Lunga aftree, kan hy die volgende doen:**

a. Die somtotaal van sy drie komponente gebruik om 'n pensioen te koop.
b. Sy hele spaarkomponent of 'n gedeelte daarvan as 'n enkelbedrag (onderhewig aan belasting) laat uitbetaal en sy aftreekomponent gebruik om 'n pensioen te koop.
c. Die volle bedrag onttrek indien die somtotaal van sy gevestigde komponent wat geannuïtiseer moet word plus sy aftreekomponent minder as R165 000 is.

### Lee-Anne



Lee-Anne is 40 jaar oud. Haar aftreespaargeld is tans R150 000.

Sy verander van werkplek in Julie 2024 en onttrek al haar aftreespaargeld. Sy moet nou van voor af begin spaar.

Teen 1 September 2024 het sy R4 000 se aftreespaargeld. 10% van hierdie bedrag (R400) sal op 31 Augustus 2024 na haar spaarkomponent oorgedra word.

Lee-Anne wil in September 2024 'n onttrekking uit haar spaarkomponent maak vir 'n noodgeval. Sy kan egter nie, want die minimum onttrekkingsbedrag is R2 000, en haar saldo is minder as dit (R400).

Lee-Anne het 'n noodgeval in Desember 2024. Die saldo in haar spaarkomponent is nou R2 400, dus onttrek sy R2 400 uit haar spaarkomponent. Die bedrag wat Lee-Anne egter binne die tweepotstelsel sal ontvang nadat belasting en administrasiekostes afgetrek is, sal waarskynlik minder as R2 400 wees. Sy kan nie 'n verdere onttrekking voor die volgende belastingjaar, m.a.w. voor 1 Maart 2025, maak nie.

**Lee-Anne leen in werklikheid by haar toekomstige self. Deur geld uit haar spaarkomponent te onttrek, beteken sy sal met aftrede 'n kleiner bedrag (plus die groei daarop) as 'n enkelbedrag ontvang.**

## Drie redes waarom ons u sterk aanmoedig om spaar vir u aftrede 'n prioriteit te maak:

**01 Handhaaf u lewenstandaard**

Die toelaag vir ouer persone (tans R2 180) sal heel waarskynlik nie genoeg wees om al u uitgawes te dek wanneer u afgetree het nie. U sal bykomende inkomste nodig hê om gerieflik te leef en die lewenstandaard te handhaaf waaraan u gewoond is.

**02 Beste belegging**

Die spaargeld in u aftreefonds is stellig een van die beste beleggings wat u ooit sal maak – met opbrengs op belegging behoort dit met verloop van tyd te groei, wat beteken hoe langer u spaargeld belê word, hoe meer groei behoort u te sien!

**03 Mense leef langer**

Aftrede is 'n lewensfase wat 30 jaar lank kan duur! Ons wil nie hê dat u langer as u aftreespaargeld leef nie.

## MOENIE VERGEET OM OP ONS DIGITALE KANALE TE REGISTREER NIE

**Ons wil die proses om onttrekkings digitaal op te eis so vinnig en maklik moontlik maak. Maak asseblief seker dat ons u korrekte kontakinligting het om ons hiermee te help.**

U kan u kontakinligting met behulp van die volgende kanale bywerk:

- die Old Mutual-toepassing (beskikbaar op Android en iOS), of
- Secure Services (Klik hier vir 'n gedetailleerde gids om te registreer)

Vir toegang tot SuperFund op WhatsApp, skandeer die QR-kode links of stoor 0860 933 333 as 'n kontak. Stuur dan "Hi" op WhatsApp.

**Vind meer uit oor die tweepotstelsel by www.oldmutual.co.za/two-pot-retirement-system**

**Lees ons onlangse nuusflits oor die tweepotstelsel in u taal:**
English | IsiXhosa | IsiZulu | Sesotho | Sepedi | Afrikaans

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.